

# Die nimmereindigende oorlog teen indringerplante

Die kapgroep het vanjaar weer een keer 'n maand bymekaargekom om indringers 'n les te leer. Gewapen met boom-uitplukkers (tree poppers), sagies en per geleentheid ook 'n kettingsaag en 'n battery-aangedrewe saag vaar hulle die veld in om uit te trek, af te kap, gif te gee en saad te verwyder.

Dis nie 'n groot groep nie – ongeveer 12 mense per geleentheid – maar baie lede onderneem ook *ad hoc*-kapsessies op hul eie of met familieledes. Die organiseerder hou boek van die kappe en die getalle is werklik indrukwekkend. In 2022 is bykans 8000 mirte, 400 dennebome, 25000 Port Jackson/langblaarboompies, 250 swart wattelbome, 70 rooikransbome en 440 hakea-bome verwyder.

Goeie nuus is dat onlangse ondersoeke getoon het dat dele wat voorheen deeglik skoongemaak is, meestal skoon gebly het.

Slegte nuus is dat mirt, Port Jackson- en langblaarboompies soos hare op 'n hond se rug opkom in die gedeeltes waar hulle in Januarie afgebrand het. Die klein boompies is gelukkig redelik maklik om uit te trek.

Die kapgroep deel ons veld in sones op en kap dus doelgerig en met 'n plan. Elke gekapte gedeelte word ook opgevolg om seker te maak dat nuwe plante ook uitgeroei word.



Australiese Mirt (*Leptospermum laevigatum*) laat hom nie maklik keer as hy eers nesgeskop het nie. Foto: [www.biodiversityexplorer.com](http://www.biodiversityexplorer.com).

Syerige hakea (*Hakea sericea*) is een van die lastigste indringers om te bestry. Hulle hou van die moeilik bereikbare hoë berghange onder Sandownpiek en diep in Middelrivierkloof.



Port Jackson (*Acacia saligna*) met sy kenmerkende enklars in die middel van die filode (blaarstingel).



Langblaarwattel (*Acacia longifolia*) het weer 2 tot 5 are in sy filodes.





# Die nimmereindigende oorlog teen rommel

Hierdie oorlog maak 'n mens soms moedeloos, maar die skoonmakers laat hulle nie onderkry nie. Hulle het aan verskeie strandskoonmaakdae deelgeneem, 'n plan gemaak met die stormwaterpype en moeite gedoen om ons laerskoolkinders ook betrokke gekry. Proteadorp se entoesiastiese Strandlopers neem ook gereeld deel.

Foto: Botha Maree



## Birds and birders

**The Cape Whale Coast Important Bird Area (IBA) supports more than 233 bird species, of which 86 are waterbirds.**

These wetlands have historically held up to 25 000 birds and on occasion more than 40 000.

However, the numbers of recent counts amount to only 32% of the numbers recorded in counts between 1979 and 1981.

The Bot River-Kleinmond estuarine system is about 1 550 ha in extent and is ranked eighth in the country for its conservation importance.

The Co-ordinated Waterbird Count (CWAC) is a citizen science project, and CWACs are done throughout the Overberg, from the Palmiet River mouth to Uilenkraal Estuary.

The November CWAC in the Bot River estuary resulted in 54 water bird species (1610 birds) counted. Fifteen water bird species were counted at the Palmiet estuary.

This does not look good in comparison to previous numbers. However, a few species, such as red-knobbed coots, blue-winged teals and white-faced ducks, were noticed for the first time in a number of years, so there is some good news, too.





# 'n Kersfeesstorie

## oor weeskinders

Drie kolganswesies het op 8 November in Paul Coetzee se tuin opgedaag. Hy het vir hulle water gegee en hulle besluit toe hulle bly sommer net daar. Hy skat hulle was so 10 dae oud.

Die volgende dag was daar net twee. Miskien het 'n kat iets daarmee te doen gehad, wie sal weet.

Die oorblywende twee, Dawid en Goliat gedoop, het hulle tuisgemaak by hulle aanneem-ouers.

Volgens Paul het hulle soos wurms geëet. Gekapte tamaties was baie gewild. Hulle het ook die grasperk kort gehou. 'n Groot kom vol water het diens gedoen as dammetjie.

Paul het baie nagedink oor 'n geskikte plek om die gansies te gaan besorg en hulle toe na vyf weke by Iona se dam vrygelaat.

Hy skryf: "Hulle het omtrent 'n uur lank so 'n paar meter van my af gebly, bietjie geknibbel aan die gras, bietjie water gedrink, geskrik as die wind branders op die water veroorsaak, bietjie in die vlak water geswem, weer uitgekrom en styf teen mekaar gaan lê. Toe skielik na 'n rukkie opgestaan en die dam aangedurf sonder om te groet!

"Ek het gistermiddag gaan kyk of hulle nog in die omgewing is. Ek het hulle kosgee-fluit gedoen en binne 'n paar minute het hulle nader geswem en die voëlsaad kom eet wat ek gebring het. Dit was nogal 'n oomblik!"

Fotos: Paul Coetzee



Die drie aangenome "weeskinders".



Dawid en Goliat. Kan jy raai wie is wie?



Van 'n kom in die agterplaas na die groot en wye wêreld.